# Pierneef Gemeente Die Boodskapper 18 Februarie 2024

**Kantoorure:** Ma, Wo & Vr, 8:00-16:00
**Sel:** 072 137 4407
**Epos:** kantoor@ngkpierneef.co.za
**Bankbesonderhede:** NG Kerk Pierneef, Standard Bank SA, Tjekrekening: 281590621, Takkode: 01-4845
**Leraar:** Ds Paullet Grobler (076 841 1568)
**Gemeente-Sekretaris:** Cecile Botha (072 137 4407)
**Jeugwerker:** Sandra Berger (061 930 6540)

## 9:00 Erediens en Kinderkerk

Prediker: Ds Paullet Grobler
Teks: 1 Petrus 3:18-22

Teebeurt: Wyk E

(Wyk E) Kerkraadslid: Cliff Thompson

25ste en 26ste Laan

## 10:00 Kategese en Belydenisklas

Liturgiesespan kom in die konsistorie bymekaar na die diens

## Hierdie week:

*Daar is geen Bybelstudie en Bybelskool Woensdag nie.*
**Vrydag:** Kinderkrans om 14:15

## Nuwe lidmate

Ons nooi nuwe lidmate om asb na die erediens tot voor die kansel te kom waar ons u graag wil ontmoet. In die voorportaal is ook vorms beskikbaar wat u kan voltooi sodat ons u vinnig kan leer ken. Lidmate wat ’n besoek verlang kan gerus die kerkkantoor kontak of kom inloer om ’n afspraak te maak.

# Verjaarsdae

| | | | |
|---|---|---|---|
| 19/02 | Mnr | Wernhardt | Nel |
| 20/02 | Mnr | Dewan | Sadie |
| 22/02 | Me | Danielle | Rousseau |
| 23/02 | Mev | Monja | Erasmus |
| 23/02 | Mnr | Raymordt | Groenewald |
| 23/02 | Mev | Florette | Le Roux |
| 23/02 | Me | Eleanor | Smit |
| 23/02 | Mnr | Ian | vd Westhuizen |



## Lief en Leed

- - Ons gelukwense aan Driaan en Antoinette de Villiers met Mia se geboorte 07 Februarie, 2024.
- - Jason Herbst is by die huis! Baie dankie vir al die gebede, maar hou hom en sy gesin asb steeds in julle gedagtes.
- Elmarie de la Rey wat Saterdag hospitaal toe moet gaan vir 2 prosedures.

## Lydenstyd

Die klassieke Lydenstydgewoontes: Daar is klassiek drie spesifieke geloofsgewoontes tydens hierdie 40 dae ingeoefen. Geloofsgewoontes is hulpmiddels om ons te help om die alledaagse weer as heilig te beleef, om ons te help om God raak te sien in alles rondom ons. Geloofsgewoontes word deur herhaling ingeoefen totdat dit gevestig is in ons lewens. Reeds sedert die 4de eeu is die gewoontes van VAS, BID en GEE deur gelowiges ingeoefen tydens hierdie 40 dae van reis na geestelike verdieping.

VAS: Mense gee bv. sjokolade of koffie of iets soortgelyks prys tydens Lydenstyd. Die vraag is wat gebeur na die 40 dae? Onthou, hierdie reis is nie ’n oefening in wilskrag of selfdissipline nie, maar ’n reis wat jou wil help om na jou eie toegeklemde hande te kyk wat jou daarvan weerhou om voluit te leef. Voordat jy iets prysgee, moet jy dus weet waaraan jy geheg is.

BID: Onthou ook dat hierdie reis altyd 'n gebedsreis is. Elke tree is 'n gesprek met God. Daar word gevra/gebid : Hoe word ek wat U bedoel het ek moet wees? Waarom weerstaan ek die werk van die Gees in my om Christus-gelykvormig te word?

GEE: Op hierdie reis sal jy agterkom dat jou laste – soms noem ons dit besittings – jou platdruk. Om hiervan vry te kom, moet ons begin om vrygewigheid te beoefen. Dit is egter baie meer as om net van geld of besittings ontslae te raak. Dit vra ook baie meer as jou goedheid. Ons moet leer om onsself prys te gee, want dan sal ons begin verstaan dat "hoop" se ander naam "vryheid" is.

Kom dus saam op hierdie pelgrimsreis, nie te voet nie, maar na binne. Pelgrimsreise het die reisiger nog altyd gedwing om van elke tree bewus te wees. 'n Pelgrimsreis is dus altyd 'n oefening in HIERwees. Met elke tree moet jy jou vrede in die oë kyk, jou slegte gewoontes konfronteer, jou ek-gerigtheid raaksien. Waag dit om saam te reis!

## *Dorkas se Kombuis*

Dorkas se Kombuis is besig om uit te reik ver buite die grense van ons kerk.

Ons kon die tamaties en uie wat oorgebly het by RHS, aan 'n ouetehuis in ons omgewing skenk.

Klere ontvang, kon geskenk word aan die Mamelodi projek waarby ons kerk betrokke is, om ook daar 'n verskil te kan maak. Ons oud is 'n ander se nuut/moontlik se enigste.

My dromgrawertjie. Maandag vra ek vir hom of hy nog seep het. "I will take some". Sy colgate smile was genoeg asseblief en dankie vir my. Ek het toe sommer ook 'n Aquafresh tandepaste vir hom bygegee. Aquafresh smile ☺ ☺

Grace upon grace upon grace on your life.

*Mooi loop die week*

**Bankbesonderhede: M Janeke: Capitec Spaarrek nr: 1651207613**

# *Kalender*

19 Feb (18:30): Finansiesvergadering
23 Feb (14:15): Kinderkrans
26 Feb (18:30): Kerkraadsvergadering
28 Feb (9:30) Bybelstudie
(18:30): Bybelskool
29 Feb (18:30): Kleingroep
2 Mrt: Basaar en Veiling

# *Advertensies*

Twee Slaapkamer woonstel beskikbaar vanaf 1 Februarie 2024.
Garrett Gardens, Dormerstraat, Queenswood.
Mooi uitsig vanaf 6e vloer.
Naby Eduplex, en Huis Herfsblaar.
Navrae: Thea Oosthuizen 073 239 1332

**5 dag plan om op te hou rook!**

Datum: Maandag 19 Februarie, 2024 – Vrydag 23 Februarie, 2024
Plek: N G Kerk Villieria in die saal
Tyd: 18h30 tot 20h00
Koste : R200
Word aangebied deur Jan Hamman - 082 990 4319

## Vars produkte by die kerk te koop

Heel hoenders, asook braaipakke en boudjies & dye is Sondae na die diens en tydens kantoorure teen R60 'n kilogram beskikbaar.
Vars plaasbotter – R65 vir 500g houer is ook beskikbaar.
Die kerk verkoop ook **FARINA** hondekos – R100 vir 'n 8 kg sak en R275 vir 'n 25 kg sak.